



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V2

MODEL 2008

PUNTE: 100

TYD: 1½ uur

NAAM:

SKOOL:

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 'n topografiese kaart en 'n ortofotokaart.

HULPBRONNE

1. 'n Uittreksel uit die topografiese kaart, 2726DC, ODENDAALSRUS ortofotokaart, 2726DC 14, ODENDAALSRUS
2. LET WEL: Die hulpbronne moet deur die skole vir hulle eie gebruik ingeneem word.
3. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul jou NAAM en dié van jou SKOOL in die spasies voorsien in.
2. Beantwoord AL die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.
3. Jy word van 'n 1:50 000 topografiese kaart, 2726DC, ODENDAALSRUS en 'n ortofotokaart van 'n gedeelte van dieselfde gebied voorsien.
4. Die topografiese kaart en die ortofotokaart moet aan die einde van die eksamensessie aan die toesighouer oorhandig word.
5. Die volgende Afrikaanse terme of hulle Engelse vertalings kom op die 1:50 000 topografiese kaart voor.

AFRIKAANS

Kanaal/Voor
Skag
Uitgrawings
Vervoerband
Steengroewe
Oopgroefmyn
Diensspoorlyn
Motorrenbaan
Hospitaal
Stadion
Seiljagklub
Slikdam
Vliegveld
Golfbaan
Rioolwerke

ENGELS

Canal/Furrow
Shaft
Diggings
Conveyer belt
Quarries
Opencast mine
Service railway line
Motor race-track
Hospital
Stadium
Yacht club
Slime dam
Aerodrome
Golf course
Sewerage works

VRAAG 1

Die volgende vrae is op die 1:50 000 topografiese kaart, 2726DC, ODENDAALSRUS sowel as die ortofotokaart van dieselfde gebied gebaseer. Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) in die blokkie langs elke vraag (1.1 – 1.10) neer.

1.1 Die nommer van die kaart wes van kaart 2726DC ODENDAALSRUS is ...

- A 2726DA.
- B 2826BA.
- C 2726DD.
- D 2726CD.

1.2 Die presiese ligging (koördinate) van die windpomp in blok E5 is ...

- A $26^{\circ}43'09''S$ $27^{\circ}55'05''O$.
- B $27^{\circ}55'05''S$ $26^{\circ}43'09''O$.
- C $26^{\circ}40'05''S$ $27^{\circ}50'10''O$.
- D $27^{\circ}50'10''S$ $26^{\circ}40'05''O$.

1.3 Die rigting na punthoogte 1385 (blok F6) vanaf punthoogte 1364 (blok E5) is ...

- A suidwes.
- B wes.
- C suidoos.
- D suid.

1.4 Die mensgemaakte verskynsel gemerk **A** in blok E6 op die topografiese kaart, is 'n ...

- A hoofpad.
- B hoofverkeersweg.
- C sekondêre pad.
- D nasionale pad.

1.5 Die kontoerinterval van die topografiese kaart is ...

- A 5 m.
- B 20 m.
- C 10 m.
- D 25 m.

1.6 Die natuurlike verskynsel gemerk **B** in blok G2 op die topografiese kaart, is 'n ...

- A droë pan.
- B standhoudende rivier.
- C niestandhoudende rivier.
- D moeras en vlei.

1.7 Die kaartprojeksie wat op die ortofotokaart gebruik is, is ...

- A Mercator.
- B Lambert.
- C Gauss-konforme.
- D universeel transversaal.

1.8 Die ortofotokaart stel slegs die ... gedeelte van die topografiese kaart voor.

- A suidoostelike
- B suidwestelike
- C noordwestelike
- D noordelike

1.9 Die vliegryging van die vliegtuig toe die foto's vir die ortofotokaart geneem is, was ...

- A suidwaarts.
- B weswaarts.
- C ooswaarts.
- D noordwaarts.

1.10 Die gebied wat **1** op die ortofotokaart gemerk is, is ('n) ...

- A mynbougebied.
- B niestandhoudende water.
- C mynhoop.
- D ontspanningsgebied.

(10 x 2) [20]

VRAAG 2


2.1 Bereken die werklike (ware) afstand vanaf punt **5** na punt **6** op die ortofoto-kaart. Toon AL die berekeninge. Gee jou antwoord in kilometer.

(3)

2.2 Hoe lank sal dit jou neem om teen 80 km/h vanaf punt **5** na punt **6** te reis? Toon AL die berekeninge.

(2)

2.3 Die volgende deursnit is vanaf punt **7** na punt **8** op die ortofotokaart geteken.



Gebruik beide die topografiese kaart en die ortofotokaart om **P**, **Q** en **R** te identifiseer.

P: _____

Q: _____

R: _____

(3 x 2) (6)

2.4 Bereken die vertikale vergroting van die deursnit. Toon AL die berekeninge.

(3)

2.5.1 Bereken die gemiddelde gradiënt vanaf hoogtemerk 1341 (C4) tot by hoogtemerk 1357 (D6). Gebruik die reguitlyn-afstand tussen die twee hoogtemerke. Toon AL die berekeninge.

(6)

2.5.2 Is die gradiënt wat jy in VRAAG 2.5.1 bereken het steil of geleidelik?

(2)

2.5.3 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.5.2.

(2)
[24]

VRAAG 3

3.1 Die gekarteerde gebied ervaar seisoenale reënval. Ondersteun die stelling met 'n bewys vanaf die kaart.

(1 x 2) (2)

3.2 Dit is duidelik vanaf die kaart dat ondergrondse water gebruik word om die skaars oppervlakwater tydens die droë seisoen aan te vul. Ondersteun dié stelling met 'n bewys vanaf die kaart.

(1 x 2) (2)

3.3 Vind die gholfbaan in blok A3 op die topografiese kaart.

3.3.1 Watter fisiese verskynsel het 'n rol daarin gespeel om hierdie standplaas vir die gholfbaan te kies?

(1 x 2) (2)

3.3.2 Watter voordeel is daaraan verbonde om die standplaas naby aan die kenmerk wat in VRAAG 3.2.1 genoem is, te kies?

(1 x 2) (2)

3.3.3 Waarom sou die standplaas wat vir die gholfbaan gekies is, nie vir 'n residensiële gebied geskik wees nie?

(2 x 2) (4)

- 3.4 Verwys na beide die ortofotokaart en die topografiese kaart en identifiseer die verskynsels wat **2**, **3** en **4** op die ortofotokaart gemerk is.
- 2: _____
- 3: _____
- 4: _____ (3 x 2) (6)
- 3.5 Vind die Phakisa-motorrenbaan in blok D4.
- 3.5.1 In watter stedelike grondgebruiksone is die motorrenbaan geleë?
- _____ (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Waarom sou 'n mens die motorrenbaan in die grondgebruiksone wat in VRAAG 3.5.1 genoem is, aantref?
- _____
- _____ (2 x 2) (4)
- 3.6 Die twee stedelike nedersettings, Odendaalsrus en Welkom, kan op die topografiese kaart gesien word.
- 3.6.1 Watter een van die twee nedersettings sal 'n hoër hiërargiese orde beklee in terme van stedelike hiërargie?
- _____ (1 x 2) (2)
- 3.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.6.1.
- _____ (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Watter nedersetting sal 'n groter invloedseer hê?
- _____ (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.6.3.
- _____ (1 x 2) (2)

3.6.5 Wat is die dominante (hoof-) straatpatroon van Odendaalsrus in blok B3?

(1 x 2) (2)

3.6.6 Noem EEN voordeel van die straatpatroon wat in VRAAG 3.6.5 genoem is.

(1 x 2) (2)

[36]

VRAAG 4

4.1 Geografiese Inligtingstelsels (GIS) kan data stoor, beheer, analiseer en vertoon. Om die data in GIS te beheer, moet 'n mens die verskillende dele waaruit die stelsel bestaan, bestudeer. Noem enige TWEE dele van GIS waaruit die stelsel bestaan.


(2 x 2) (4)

4.2 Daar bestaan twee hoofipes data, naamlik ruimtelike data en attribute data. Onderskei tussen *ruimtelike data* en *attribute data*.


(2 x 2) (4)

4.3 Dui aan of die volgende tipes ruimtelike data vektor-, raster- of beelddata is.


4.3.1



4.3.2



4.3.3



(3 x 2) (6)

4.4 Geografiese inligting kan op baie maniere bekom word.

4.4.1 Noem enige TWEE maniere waarop geografiese inligting bekom kan word.

(2 x 2) (4)

4.4.2 Wat is 'n geografiese databasis?

(1 x 2) (2)

[20]

TOTAAL: 100

